DIE PIENKBOEKIE

Nuusbrief van die Vrouelidmate in die Noordkaap

Laat jou ster hierdie Kerstyd so helder skyn,

sodat dit ‘n verskil in ‘n ander se lewe kan maak.

Desember 2011 Nr 96

Lees in hierdie uitgawe

Tjip van 'n Mossie
Bl. 3

Orrelis vir 50jr
Bl. 36

Walles se snoephoekie...
bl 40

Kom ons lees...
Bl. 41

Datums vir 2012
Bl.43

TEEDRINK TYD
BL. 11

Uit die Pen van die Voorsitter
Bl. 6

Inskrywings-vorm vir 2012 bl 44



Die Vrou en haar verhouding met...
Bl. 8

Dankie aan almal wat bydraes ingestuur het vir hierdie uitgawe.

DIE TJILP VAN 'N MOSSIE

Die algemene sinode bely..

Die algemene sinode het op 10-14 Oktober 2011vergader. Ek deel graag met u die belydenis wat aan die einde van die vergadering uitgereik is.

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

BIRCHWOOD KONFERENSIESENTRUM: VRYDAG 14 OKTOBER 2011

Die Luisterspan wat tydens die vergadering van die Algemene Sinode hulle ore fyn ingestel gehad het, het die volgende BELYDENIS in oorleg met die Moderatuur opgestel. Dit verwoord iets van die hart van hierdie besondere vergadering, en is ook tydens die afsluitingsliturgie as belydenis gebruik.

BELYDENIS

Die NG Kerk dank God dat ons in so 'n uitdagende tyd, binne 'n Suider-Afrikaanse konteks saam met ander kerke, God se kerk mag wees. Sy liefde en genade is sonder twyfel groot.

Die NG Kerk besef, en het uit die geskiedenis geleer, dat ons net werklik kerk van God kan wees as ons onsself prysgee en Hom volg. Die Drie-enige God stuur ons sy wêreld vol as getuies van sy liefde vir sy hele skepping. Daarom:

Roep ons gemeentes op tot 'n lewende verhouding met God waarin ons onsself oopstel om gevorm te word deur die Woord van God sodat ons in afhanklikheid van die Gees biddend gevorm word tot mense met 'n outentieke leefstyl en 'n geloofwaardige getuienis.

reik ons uit na ander geloofsgemeenskappe. Ons bid en werk onverpoos voort aan die organiese en strukturele eenheid binne ons eie familie van kerke. Ons gaan verbintenisse aan met ander kerke van Gereformeerde belydenis en werk graag saam met ander Christelike kerke, en wanneer die omstandighede daarom roep, ook met ander geloofsgemeenskappe. As kerk wil ons 'n ruim huis wees, sonder die prysgawe van ons Gereformeerde identiteit.

lyons onder aanslae en ervaar daagliks hoe ons land getreiter word deur misdaad, geweld en korrupsie. Ons gemeenskappe is arm, werkloosheid is groot en moedeloosheid kenmerk baie van ons jong mense. Ons roep die staat op tot die uitvoering van sy verantwoordelikheid, ook tot die bewaring van ons brose demokrasie. Terselfdertyd verbind ons ons steeds tot die bekamping van sedeloosheid. Ons beloof om in die lig van ons roeping mee te werk aan die vestiging van waardes wat 'n vreedsame samelewing 'n werklikheid kan maak en om daadwerklik mee te werk aan die verligting van ellende. Ons erns tov eenheid, versoening en geregtigheid word versterk deur die Belydenis van Belhar as deel van ons belydenisskat by gemeentes aan te beveel. Ons wil alle gemeentelede wat op talle plekke die gemeenskap onbaatsugtig dien omdat hulle hulle roeping as gestuurdes ernstig opneem, vir hulle getrouheid bedank.

bely ons ons bestaan nie ter wille van onsself nie, en weet ons dat ons die sout en lig vir die wêreld is. Ons is die suurdeeg wat die plig het om die tekstuur van ons samelewing te verander. Hierdie hoë roeping is nie vir ons

'n las nie, maar 'n vreugde. Ons is die jeugdige bruid van Christus wat by wyse van ons eredienste, aksies en optredes die toekoms tegemoet dans deur die aantrek van die fyn linne van dade van geregtigheid.

erken ons ons sondigheid en onvermoë om lief te hê soos wat God wil hê ons moet liefhê. Ons sukkel elke dag daarmee in ons omgang met mekaar. Ouers kry seer, kinders kry seer, gemeenskappe ly en ons integriteit is telkens op die spel. Ons vra hulle wat seerkry onder ons liefdeloosheid om vergifnis. Ons staan nakend voor God.

Mag God sy wil hoe langer hoe meer aan ons openbaar, en ons daagliks nuut maak om soos Hy te lyk, te praat en te dien.

Net die Bybel. Alleen deur genade. Slegs deur geloof . Uitsluitlik Christus. Aan God die eer.

Groete

Ds Mossie

Baie dankie aan jul almal se bydraes deur die jaar. Sonder julle was ek verlore.

Ontvang hiermee my Kersboodskap aan jul almal.

Voorspoed

vir 2012

Liefdegroete

Janetta du Preez

Uit die pen van die Voorsitterster

Liewe Vroue van die Noord-Kaap

Sjoe, kan julle glo 2011 is byna verby! In die meeste gemeentes word alles nou afgesluit – Kategese, Bybelstudies, Kleingroepe en Vrouebyeenkomste. Nou is dit tyd vir bestek opneem. Wat het ons met 2011 gemaak? Het hierdie jaar maar net verbygegaan soos al die voriges, of het daar iets groots gebeur? Was daar groei? Was die dinge waarmee ons onsself besig gehou het, die moeite werd? Wat ons Vrouelidmate betref is die vraag: Hoe het ons hierdie jaar ons tema “Christenvroue, leer, leef en dien met liefde” uitgeleef? Het ons meer geleer van God; het ons vir ander geleer van God; het mense Jesus se liefde in ons lewe gesien en was ons tot diens van God en ons naaste?

So aan die einde van die jaar, kry ons ook die geleentheid om ‘n slag weer vir mekaar dankie te sê en ons waardering teenoor ander uit te spreek.

Van my kant af het ek die begeerte om vir ‘n klomp mense dankie te sê:

Ds Mossie, wat altyd met soveel geduld ons vroue se sake hanteer. Hy is ‘n kosbare skakel tussen ons en die sinode. Baie dankie vir u onbaatsugtige diens, nie net aan ons vroue nie, maar ook aan die hele Sinode van Noord-Kaapland.

Fernette, ons eerste skakel met die sinodale kantoor – baie dankie vir al die admin, wat hierdie jaar nogal baie was met die kuierfees, jou oproepe en hulp, as ons so bietjie dommerig is.

Estha, jy’s ‘n ster as dit kom by die finansies. Die fees het ook vir jou bykomende werk beteken en jy het dit met soveel grasie hanteer.

Dankie dat jy ook so agter die skerms help om ons vrouens se sake glad te laat verloop.

Janetta, wat vir ons elke kwartaal ‘n Pienkboekie gereed en persklaar kry - Baie dankie dat jy moeite doen om artikels te kry, dat jy ons vergeetagtiges se koppe so nou en dan reghelp en dat ons elke keer met ‘n heerlike kuierboekie in die hand kan sit, ná al jou harde werk. Dankie ook vir jou bemoedigende oproepe, met die fees, maar ook sommer so tussendeur. Jy is vir ons goud werd.

Dan is daar ook al die vroue verteenwoordigers van die ringe: dankie vir jul moeite om te ry om vergaderings by te woon, vir al die gebede en ondersteuning wat ek ook van julle ontvang. Sonder julle is al ons pogings maar min werd.

My grootste dankie is vir ons Hemelse Vader. Dankie vir ‘n wonderlike jaar waarin ons besig kon wees met U werk. Dankie vir U seën op ons Vrouefees en dat U ook die groei in ons harte gee.

Laastens wil ek graag vir almal ‘n wonderlike rustyd en ‘n baie geseënde Kersfees toewens. Mag u in hierdie tyd die vrede en vreugde van God ervaar. Mag 2012 vir elkeen van u ‘n uitsonderlike jaar wees, sodat u soos die Psalmdigter sal kan sê: “'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.” (Ps 16:6)

Tot volgende jaar!

Groete in Christus

Louise Oosthuizen

Die Vrou en haar verhouding met… haar skoonma

My verhouding met my skoonouers (dalk veral skoonma)

Verlede kwartaal het ons bietjie saamgesels oor wat ‘n skoonma kan doen om die verhouding tussen haar en haar skoonkinders te laat vlot. As jy gedink het: “*Skoonma, ek hoop jy lees hier en leer!*” Dan het ek vir jou nuus: “*Dis nou jou beurt om te lees en te leer.*” ‘n Goeie verhouding kom immers van twee kante.

Jy kry ‘n nuwe familie by

Daar word dikwels gesê, jy trou nie met jou man se familie nie. Maar dis nie heeltemal waar nie, wanneer jy trou sê jy ook *“ja*” om deel te word van ‘n nuwe familie. ‘n Familie wat waarskynlik anders vakansie hou as waaraan jy gewoond is, wat tamaties anders in wiggies sny en wat anders dink en praat as wat jou ouers sou doen. *Anders* as waaraan jy gewoond is, is nie noodwendig verkeerd nie. Dis net *anders*.

Die wedyweringsfaktor

Julle sal onthou dat ons laas gepraat het van die wedyweringsfaktor. ‘n Kliniese sielkundige probeer die spanning in die verhouding tussen skoondogter en skoonma beskryf met die woorde: “*Daar is ongelukkig ‘n wedyweringsfaktor in bykans elke skoonma/skoondogterverhouding. ‘n Vrou en haar skoonma is in ‘n driehoekige verhouding met dieselfde man betrokke.*”

Hoe vinniger jy ophou om met jou skoonma in kompetisie te wees vir jou man se liefde en aandag - hoe beter vir almal betrokke. Die oomblik toe ek my kop hieroor reggekry het, was my skoonma nie meer my opponent nie, maar my bondgenoot.

Liewe vrou, jou man soek nie nog ‘n ma nie. Hy soek ‘n vrou! Jy kan in elk geval nie die malvapoeding maak soos wat sy dit doen nie en dis OKAY!

Laat jou man toe om ‘n goeie verhouding met sy ouers te hê

Jy moet jou man dit gun om ‘n goeie verhouding met sy ouers te hê. Wanneer hy met hulle goed oor die wegkom, kies hy nie teen jou nie. Hy kies net om ook met sy ouers ‘n goeie verhouding te hê. Onthou hierdie ouers sal altyd jou man se ouers wees, moet hom nooit laat voel dat hy tussen julle moet kies nie. Hy het vir jou gekies as sy vrou. Wees gerus in daardie wete.

Laat jou man toe dat hy met sy ouers tyd kan spandeer. Ook met sy ma – eendag moet jy jou seun laat gaan en dan sal jy ook graag tyd met jou kind wil spandeer. Dis nie nodig om altyd alles te moet hoor of orals te moet saam wees nie.

Dit beteken natuurlik nie, dat jy jou moet onttrek van die verhouding nie. Dit is jou verantwoordelikheid om te bou aan ‘n goeie verhouding met jou skoonouers.

Maar wat as hulle die lewe vir my moeilik maak

Dalk dink jy nou by jouself: “*Jy ken nie my skoonouers nie, jy weet nie hoe moeilik hulle die lewe vir my maak nie.*” Dis waar, ek ken nie jou situasie nie. Maar jou situasie of mense in jou lewe mag nooit jou gedrag bepaal nie. Die vraag bly: “*Hoe tree ek as Christen skoondogter op?*”

Op ‘n stadium in my en Dolf se verhouding het ek baie met hom baklei oor sy ma’le wat nou weer dit of dat gedoen of gesê het. Totdat ek op ‘n dag besef het ons baklei nou oor iets wat eintlik nie ons probleem is nie. Ek kan nie en mag nie my man kwalik neem vir (volgens my) onnadenkende goed wat sy ouers sê of doen nie.

Dalk gee ons soms aan ons skoonouers te veel mag in ons denke en in ons huwelike. Die Woord leer ons tog: “*Laat God julle verander, deur julle denke te vernuwe.*” Dalk lê die probleem nie net aan die ander kant nie, dalk lê ‘n groot deel van die probleem by my – my gesindheid, my houding, my optrede...

Ja, selfs al maak hulle die lewe vir my moeilik, dan moet ek my steeds deur die Gees laat beheer en nie deur hulle optrede nie. Dit geld tog vir enige verhouding waarin ons staan. Dit geld vir ons hele lewe – om te lewe voor die aangesig van God en deur Sy Gees beheer te word.

Bou aan 'n verhouding

Bou van jou kant af aan 'n verhouding met jou skoonma. Stel belang in haar, stuur vir haar so nou en dan 'n sms en vertel sommer wat julle doen. Vra haar hoe maak sy daardie lekker malvapoeding waarvan haar seun so baie hou. Soos alle ander verhoudings gaan hierdie verhouding nie wonderlik wees as jy niks daarin sit nie. Werk daaraan, moenie altyd net kritiseer nie – om 'n goeie verhouding met jou skoonouers te hê is ook jou verantwoordelikheid.

Slot

Ek en my skoonma stem nie oor alles saam nie, ons doen dinge baie verskillend. Ons is baie verskillend. Maar ons deel tog iets. Ons het albei een jong man baie lief, dalk verskillend lief, maar lief. Dit is vir my 'n goed genoeg rede om 'n goeie verhouding met haar te hê.

Ankia du Plooÿ

Elke vrou behoort te weet wat
sy sal kan regkry
binne een dag...
Een maand en een jaar...
En wat sy nie sal kan reg kry in 'n
leeftyd nie.

Elke vrou behoort
'n vriendin of twee te hê
vir wie sy hierdie boodskap kan lees
sodat hulle kan onthou om te lag en
dans en sing sonder rede,
sommer net as vrou...

KUIER SAAM OM DIE TEEPOT

VERGELEGEN GEMEENTE DEEL IN LIEFDE

Die NG-gemeente Vergelegen is 'n klipgooi van die Botswana-grens in die Ring van Mafikeng geleë, met naaste groot dorpe Mafikeng (+- 160 km) en Vryburg (+- 190 km). Die gemeente bestaan hoofsaaklik uit beesboere en hul gesinne.

Bo en behalwe die gewone aktiwiteite word probeer om een spesiale geleentheid per semester aan te bied. Vanjaar is daar reeds 'n storievertelaand gehou waar die kontrei se bobaasstorievertellers hul slag gewys het. Tussenin is musiek gemaak, geëet en gesing.

Vleis vir Afrika: Die jaarlikse fondsinsamelingshoogtepunt, die basaar, het op 23 Julie plaasgevind. 'n Groot verskeidenheid tradisionele basaarprodukte, asook die verwerkte vleis van 12 beeste en 16 skape was te koop. Byna 900 sosaties is dié oggend oor die kole gebraai. Ander aktiwiteite het kleiduif- en teikenskiet ingesluit.

Volgende op die kalender is 'n huweliksverrykingskursus van 23-25 September 2011, aangebied deur dr Francois en mev Riana Hanekom van Melkbosstrand.

Oor kleuters, kryt en klei: Die Simolola Speelskool vir vroeë leer- en kinderontwikkeling het sy pas- geverfde deur in April vanjaar oopgemaak. Sedertdien verskaf dit uiters noodsaaklike leer- en stimulasiegeleenthede aan 12 Tswana-kinders – vyf dogtertjies en sewe seuntjies – tussen die ouderdomme van drie en ses.

Die Speelskool is 'n inisiatief van Inge Esterhuyse, 'n professionele verpleegkundige van beroep, wat die rol van onderwyser, hoof en

dryfveer vervul. Onderwysershulp, Dora Paraffin, help met die toesighouding en versorging van die kinders en tolk van/na Setswana.

Die skooltjie is nou drie maande oud en volgens Inge was die kinders se ontwikkeling en vordering in dié tydperk verstommend. “Aanvanklik het hulle nie geweet hoe om te groet of wat ’n legkaart is nie.”

By Simolola knip en plak die kinders, teken, kleur in, verf, maak patrone, werk met bordkryt, speel met klei, blokke, sand en speelgoed, blaas seepborrels en bou legkaarte van hout. Hulle het oor tafelmaniere, handewas, tandeborsel, naelsorg en toiletgewoontes geleer - elkeen met sy/haar eie waslap. Hulle weet ook dat ’n ete deur ’n tafelgebed voorafgegaan word, hoe om mooi saam te werk en te speel, vrede te maak en ‘jammer’ te sê.

Die kleuters sing al ’n paar liedjies saam, almal kan met een en twee bene spring, boontjiesakkies en balle vang en gooi. Hulle ken die getalle 1 en 2, die vorm van ’n sirkel en die kleur rooi. Hulle weet dat God Adam en Eva en almal van ons gemaak het, asook die bome en die blare en dat ons dit moet oppas.

Juffrou Inge vertel:

"Ek het jare lank verpleeg, onder andere in die kindersaal van 'n Johannesburgse hospitaal. Ek is dus nie 'n onderwyseres nie, maar dit was my droom om 'n speelskooltjie by Vergelegen te begin. Die kinders kom uit arm huise waar die ouers ongeletterd en daar feitlik geen stimulasie is nie. Hul enigste blootstelling aan boeke, musiek, speelgoed en selfs basiese geriewe soos 'n wasbak met lopende water en 'n spoeltoilet, is hier by die skooltjie. Die doelwit van die onderrig- en speelaktiwiteite wat aangebied word, is:

- die ontwikkeling van motoriese, syfer- en lewens-vaardighede, asook geletterdheid,
- die aanleer van dissipline, higiëne en waardering vir die omgewing, en

Die opening van Simolola (Setswana vir begin) is voorafgegaan deur 'n uitgerekte soektog na 'n geskikte lokaal. Uiteindelik is 'n lokaal by die weegbrug naby die Vergelegen Koöperasie geïdentifiseer. Die badkamer en die lokaal wat as klas sou dien, is skoongemaak en geverf. Ander infrastruktuur en toerusting, bv. die aanlê van 'n waterpyp, die aanbring van 'n nuwe wasbak en toilet en die omheining van die skoolterrein, is deur Inge se eggenoot, Dries Esterhuyse, onderneem.

Gebou en terrein vóór Operasie Skoonmaak. Nadat dit skoongemaak is, is die terrein omhein.

Die lokaal word gratis deur die plaaslike Boeretrust beskikbaar gestel, terwyl die NWK Koöperasie by Vergelegen water en elektrisiteit verskaf. 'n Maandelikse finansiële bydrae van die NG Kerk Vergelegen word hoofsaaklik vir die vergoeding van die onderwysershulp gebruik. Individuele skenkings van kosprodukte, klere en speelgoed word ook van tyd tot tyd ontvang.

Nooit te oud om te leer nie: David Tatlhego Diphoko (36) en sy gesin woon naby die NG Kerk Vergelegen, waar hy bedags as werfmeester werk. Wanneer ds Willie met verlof gaan, bewaar David die pastorie se sleutel en versorg die troeteldiere en hou 'n ogie oor die paar skape in die kampie naby die huis. As dit lyk of dit die nag gaan reën, jaag hy hulle onder die afdak in.

David is die eggenoot van Jeanette Nnonosi en pa van vyf kinders. Soos sy jongste, 'n sesjarige dogtertjie, kan David nie lees en skryf nie. En soos sy, leer hy nou die alfabet.

Sedert 1 Junie woon David en 'n groepie volwassenes tussen die ouderdomme van 20 en 40 getrou een keer per week geletterdheidsklasse by in die pastorie op Vergelegen, waar die eetkamer weekliks in 'n klaskamer omskep word. Aangesien die leerders min of geen Afrikaans en Engels magtig is, bied ekself die klasse met die hulp van 'n tolk, Miriam, in Setswana aan.

Alle benodigdhede – van potlode, oefeningboeke tot lees- en spelmateriaal – word voorsien. Die klasse skop om 10:00 af met Bybellees en bid, waarna daar kortliks hersiening gedoen word. Daarna word die les-onderwerp bekend gestel. Om 11:00 word koffie ged rink en daarna word huiswerk uitgedeel en bespreek.

Op aandrang van die groep leerders sal die klasse binnekort na twee per week vermeerder word, want hulle reken hulle vergeet te veel van een klas na die volgende.

Ronél sê:

"Alhoewel ek lank gelede skoolgehou het, was ek nog nie voorheen by volwasse onderrig betrokke nie. Boonop beskik ek oor weinig hulpmiddels; dus moet alle onderrigmateriaal self gemaak word. Ek gebruik pakke papier en baie ink vir drukwerk en fotostate!

"Dikwels wonder ek of ek die regte metodes volg en soms twyfel ek aan my eie vermoëns. Maar David en die ander het my gevra om hulle te leer lees en skryf; dus glo ek dat enige hulp beter is as niks. Die mense is leergierig en getrou met klasbywoning. Binne die bestek van twee maande kan David al eenvoudige woorde en frases lees."

Gesprekskklasse: 'n Direkte uitvloeisel van die geletterdheidsklas is die ontstaan van 'n nuwe groep wat gemik is op die behoeftes van jong vroue in hul vroeë twintigs. Hierdie vroue beskik oor basiese lees- en skryfvaardighede (wat wissel tussen Grade 3 en 6) en wil graag Afrikaans en Engels leer. Sodra die nodige voorbereiding gedoen is, sal gesprekskklasse in hierdie tale aangebied word. Gespreksonderwerpe sal hoofsaaklik uit lewensoriëntering en -vaardighede bestaan.

Vergelegen groete
Ronél Beukes-van Zyl

NEUTEDOPNUUS UIT DIE VERRE KALAHARI

Hier op VAN ZYLSRUS word jy nooit te oud om te leer, te leef of te dien met LIEFDE nie. Ons het dus alles in die stryd gewerp om die hele 2011 hierdie tema uit te leef.

JANUARIE: Totsplaas skop af en ryg 'n kosbare snoer met die vrug van die gees. Ons kan elkeen 'n kosbare juweel in Jesus se koninkryk word. Spreker: Chummy de Bruin. Uitstallings met klippe, juwele asook Miglio

rond die gesellige dag af en ons eet heerlike juweeltjies (kolwyntjies soos juwele versier!) om die juweeltema behoorlik af te rond.

FEBRUARIE: Een van die kwartaallikse uitreike na Botswana vind plaas onder leiding van Willie Peek en weer eens voel dit asof iets bereik word. Bidure word ook kwartaaliks vir werkers op plase aangebied.

Totsplaas hou ‘n gemeente-ete wat goed ondersteun word en almal smul saam.

MAART: Wêreldbiddag vir Vroue word gehou. Totsplaas deel 150 klein broodjies met botter en konfytjie asook sappie in pakkies aan almal (selfs die op straat) uit. Ons leer om te deel in ons oorvloed met liefde en te dien! Die laerskool lewer sang-item. Alle kerkgroepe word uitgenooi.

APRIL: Estancia help ons onder leiding van Hanelie van Tonder om ons gawes en talente nuut te herontdek deur vraelyste in te vul. Interessant om te besef waar jy jou deel kan doen!

MEI: Vrouefees te Pro Regno. 9 Dames uit die gemeente woon dit by en kom verryk terug en ploeg dit terug onder ons.

Moedersdag kry elke ma ‘n heerlike sjokoladetjie – vroue-bederf!

JUNIE: Ds Kobus van Tonder kom hou die hele pinksterreeks met die tema: GELOOFSGEWOONTES in een middag in elke wyk. So kry elke lidmaat geleentheid om die hele reeks by te woon en dit vind groot byval.

Die Vaders word op Vadersdag bederf met ‘n warm sjokolade-stokkie.

Boonop is dit dankofferbasaar aan die einde van Junie en almal werk hard om die tafels te laat steun onder al die bydraes. Hierdie jaar maak ons amper R30 000 meer as die vorige jaar en dank die Goeie Vader daarvoor.

JULIE: Wintertyd in die Kalahari en ons gebruik hierdie maand om elke gas of toeris of jagter meer as welkom te laat voel en kuier dat die vlaktes dreun!! Ons dien, leef en leer met liefde!

AUGUSTUS: Magadien takel stres en die hantering daarvan op ‘n komiese manier met Elma Peek as spreker en so leer ons toe voorwaar nog iets oor stres!

SEPTEMBER: Twee keer per jaar kollekteer ons vleis uit die gemeente wat geskenk word aan Jannie Roux-kinderhuis. Ons stuur ‘n vrag vleis saam met ds om aan die verdienstelike saak met liefde aandag te gee.

Die senior burgers word deur Estancia met ‘n ete by die plaaslike hotel bederf.

Ons kerktuin word met behulp van bydraes deur Anja van Eeden opgradeer en bietjie bokbestand asook droogtebestand benader. Dit val vleiend op die oog so in die middel van die semi-woestyn!

OKTOBER: Merino nooi vir Yolandi Strydom van Kuruman, ‘n lewensoriënteerder en berader om ons te kom toespreek oor: Dis nou tyd – ons moet onsself geestelik versterk en toerus.

Toiletware word aan Jannie Roux-kinderhuis geskenk.

NOVEMBER: Al vyf wyke wat die Van Zylsrus-gemeente verteenwoordig sluit op elkeen se eiesoortige manier hul jaar se maandelikse wyksbyeenkomste af.

DESEMBER: Die groot maand van gee en ontvang breek aan. Ons hou Kerssangdiens in ‘n pragtig versierde kerk wat Kerstyd aankondig en ons kombineer dit met die kategese-afsluiting. Daar word geskenkies uitgedeel, konsert gehou, gesing en saam geëet. Nog ‘n jaar is verby – ‘n jaar waarin elkeen haar beskeie deeltjie lewer, ‘n jaar waarin ons terugkyk na hope seën en oorvloedige genade. Wat ‘n voorreg om te kan leer, leef en dien in liefde.

Elke Sondag na afloop van die erediens, skink ons tee en kuier op die kerkstoep. Ons skep in die voorportaal ‘n spesiale plakbord waar ons die gemeente se aktiwiteite deur middel van foto’s uitbeeld sodat almal kan beleef! Dankie Skriba Adele en almal wat bydraes gelewer het! Elke kerkraadsvergadering trakteer ons die Kerkraad met ‘n ete na al die beraadslaging. Spesiale Sondae pryk daar mooi blomrangskikkings voor in die kerk wat wys – hier is talent wat bloei in die woestyn en ons geniet dit om met mekaar te deel.

Klere wat nie meer aftrek by ons verkopings kry nie, word na Gauteng gestuur waar die nood hoog is. Mellet’s vervoer doen dit vir ons gratis. Ons dank aan hulle.

Ons het ‘n aktiewe gebedsgroep en bedryf dit deur sms’e vanaf Hanelie, ons predikantsvrou, aan elke lidmaat om vir elke lidmaat te bid wat deur beproewings, operasies, krisisse ens. gaan.

Gun ons as gemeente die geleentheid om aan elke gemeente in ons Ring die Kersboodskap uit te dra en seënwense toe te bid vir die spesiale geleentheid in elke Christen se lewe.

Dankie aan die redaksie van die Pienk Boekie vir die liefdestaak. Mag Jesus altyd help dat ons sal uitreik en Sy Koninkryk tot eer strek. Dankie aan elkeen wat ‘n bydrae gelewer het in haar gemeente. Dankie vir herderspare wat voor vat. Halleluja!! Prys Sy Naam!!

Wees gegroet vanuit Van Zylsrus met die woorde : Gee ons ‘n helder somer Kersfees, in hierdie land o Heer.

Ingestuur: Chummy de Bruin
nms Van Zylsrus Gemeente

Gemeente ete op Van Zylsrus →

Wêreldbiddag vir Vroue

Van Zylsrus deel broodjies uit

←

DANKOFFERFEES

↑ Koektafel

⇦ **Kindertafel**

KIMBERLEY WES...

Dit is Maandagoggend wat maar weer ‘n bietjie dol begin het en raai wat, ons is Pensioenarisse. Ek het nou in my “koekkamer” kom stil word en toe ek by die venster uitkyk , waar ons die wilde voeltjies voer, het ek weereens besef hoe groot ons God werklik is. Hulle lyk so vol lewe en dit praat en babel aanmekaar – almal vrolik en saam met hierdie getjirp speel my 3 katjies rustig, uitgelate in die tuin tussen die blomme. Die plannetjies wat hulle maak om vir mekaar weg te kruip en mekaar dan weer te vang is net te goed om te glo.

Ek kan nie glo die jaar is al weer verby nie – dit voel vir my of 2011 nog net begin het. Ons gemeente (Kimberley-Wes) dank die Here dat ons ‘n baie gelukkige jaar gehad het. Ons Basaar was baie geseënd en ‘n aangename Saterdagoggend vir almal. Na die einde van Oktober gaan ons ±60 Senior Burgers trakteer op ‘n lekker “stylish” middagete. Wanneer hulle ogies so blink is alles die moeite werd om ‘n klein bietjie te kan terug gee en ons Kersmark is nog aan die kom – dus ‘n lekker besige Oktober.

Ons gaan Ds Phillip die Kersfees ‘n bietjie laat rus van ons oues en kranklikes (ons sal moet kindertjies soek) en wil deur my bydrae vir die “Pienk Boekie” vir hom en Lorette sê “geniet dit en dankie vir ales wat julle vir die gemeente gee. Ds Flip (soos my kleinkind sê) wat altyd kalm en met ‘n glimlag luister – ons is so lief vir jou.

Aan ons gemeente en al die Broers en Susters :- “Mag julle Kersfees vol vreugde saam met julle geliefdes wees, rus leker en mag ons almal 2012 aanpak net vir ons groot almagtige Heer” – Hy is so vol onverdiende genade. Dit is nou lente en toe ek in my tuin staan en na die “Bottle Brush” plant kyk met sy skerp pienk borsel blommetjies is elke borsel haartjie met goud “getip”. Dit wys mos vir ‘n mens dat dit net ‘n groot God is wat so kan verf ! Hy is so groot en en voel ek moet net altyd dankie, dankie en weer dankie se.

Ek skryf nou ‘n boek en sal moet einde kry. Ek wens almal wat die stukkie lees vol van die Gees sal wees en dat ons almal mekaar sal liefhe sonder enige voorwaardes .

Tot ons weer van mekaar hoor.

Dawn du Preez
N.G. Gemeente Kimberley Wes

GROOTDRINK GEMEENTE LEER, LEEF EN DIEN MET LIEFDE

Ten spyte van ons gemeente se “herderloosheid”, kwynende lidmaatgetalle, moeilike reënerige oesjaar, oorstromings en alle teenslae het ons as gemeente staande gebly en deur geloof gegroei soos ’n brood wat goed uitgerys en gebak is. Daarvoor kan ons nie ophou om God te loof, prys en dank nie.

Jesus het vir Sy dissipels gesê “…. julle sal My getuies wees…. tot in die uithoeke van die wêreld.” (Hand. 1:8) Daar is vir elkeen van ons ’n doel op aarde en God het vir ons reeds, voor ons gebore is, ’n spesiale taak op aarde uitgesit. Al voel dit soms ons lewer ’n té geringe diens, moet ons altyd onthou, deur bogenoemde teksvers, is ons almal op aarde voltyds in diens van die Here en moet ons ander leer in liefde.

“Voer jou opdrag stiptelik en onberispelik uit tot op die dag dat ons Here Jesus kom” (1 Tim. 6:14). Bogenoemde vers vra van ons algehele oorgawe aan God en om te leef sonder aarseling vir God, wat ook in liefde kan deursyfer na ons medemens. Grootdrink

probeer ook om daagliks ons opdrag so na as moontlik aan volmaak uit te voer.

God het ons gebede verhoor en vir ons 'n leraar gestuur wat met volle oorgawe sy gewig by ons gemeente ingooi, om so, geestelike groei te bevorder en ons as gemeentelede te lei, om mekaar in liefde te dien en saam te bind.

Hemelse Vader, baie dankie dat U nooit die mense wat op U vertrou vir 'n oplossing uit hulle probleme, teleurstel nie.

Bertie Coetzee
(Diens van Barmhartigheid, Grootdrink Gemeente),

Christenvroue leer, leef en dien met liefde ...

Die vroue van ons **Kimberley gemeente (Newton)** kan vanjaar terugkyk en hierdie visie ook ons eie maak. Ons is regtig 'n baie hegte groep en alhoewel ons vrouediens uit sowat 20 vrouens bestaan wie gereeld byeenkomste bywoon en raakvat met betrekking tot aktiwiteite in die gemeente, kan ons onsself nie uitsonder en verhewe plaas bo die res van die vrouens in die gemeente nie. Ons weet ons word deur baie ander vir wie dit nie meer moontlik is om te werk met funksies en ander dinge nie, tog gedra in hul gebede. Ons is eintlik een groot familiekring wie vir mekaar omgee, lief is en graag diensbaar wil wees in die Koningkryk van God.

As dit sou kom by vra vir toebroodjies vir 'n begrafnis, hoef mens amper nie eens te gevra het nie. Dit word spontaan gebring met liefde. Ons vrouens dien op die kerkraad en is derhalwe ook deel van die kommissies. Een van die groepe, nl. die Barmhartigheidskommissie dien met groot liefde die bejaardes en die kinderhuise, Kestell en Christina Kiddie wie binne ons grense val. Verskeie uitreikingsaksies was vanjaar

geloots waar die kinders bederf is met partytjies en braaivleis en so ook die bejaardes.

Ons leer elke dag meer en meer van Jesus se liefde en diensbaarheid en leef dit uit waar ons ookal in die samelewing werksaam is. Ons het ook vanjaar betrokke geraak by die gemeenskappe van Platfontein waar ons spesifiek gerig is op die kleuters wie aldaar voorskoolse opvoeding moet kry. Benodigdhede was ingewin en is ons per geleentheid op 8 September saam met dames van die VLU en onder begeleiding van Estie Botha van NG Welsyn na die onderskeie kleuterskole. En wat 'n ervaring en belewenis was dit nie vir ons nie! Daar is ook 'n boom geplant by een van die kleuterskole en die kleintjies het vir ons van hul liedjies gesing, ondermeer "Ek is 'n Stapsoldaatjie" wat nogal die hartsnare geroer het. Ons gaan beslis voort met hierdie projek in 2012 en vir solank ons 'n bydrae kan lewer tot die verbetering van hul omstandighede.

Dit bring my by 'n gedeelte wat ek onlangs gelees het in "*Vrou-wees ...Hoe om buitengewoon te leef*" deur Stephan Joubert & Johan Smit. Daar word geskryf dat geloof nie vir professionele mense (vroue) bedoel is nie, maar vir amateurs. In die oorspronklike teksverband hou die term "amateur" verband met woorde soos "verliefde" of "minnaar". Daarom is die Here opsoek na amateurs omrede hul nie betaal hoef te word voordat hulle iets doen nie. Amateurs verstaan hulle diens aan die Here as iets wat nie deeltyds of na-ure gebeur nie. Nee, hulle doen hulle radikale navolging van

Christus heeltyd, aanhoudend, oor en oor, elke dag. Amateurs dien God voltyds omdat hulle oorweldig is deur sy goedheid en Christus se verniet-genade. Hulle jubel en juig omdat hulle, ten spyte van wie of wat hulle self is, onvoorwaardelik deur God aanvaar word. Hulle bid, help, dien, soek, ondersteun, reik uit en bemoedig gedurig. Hulle is kinderlik opgewonde oor God se nuwe paaie waarop hulle is kant en uitbundig leef.

Is dit dan nie hoe ons as Christenvroue moet optree nie? Onvoorwaardelike amateurs om uitting te gee aan ons geloofsopdrag deur die leer, leef en dien met liefde. Ek is so bly en verheug dat ek deel kan wees van hierdie groep!!! Mag ons daarby die boodskap van vanjaar se Wêreldbiddag vir Vroue voeg, nl. "Hoeveel broodjies het jy?" Hoeveel broodjies het jy om te deel met ander wie die Woord van God nog nie gehoor het nie of wie nog buite die ligkring van Gods genade staan? Kom ons vat hande ook in 2012 en leer steeds elke dag by mekaar van Christus se liefde en omgee en leef en dien met blydskap dit uit na ons medemens.

Aan almal wil ons hiermee ook ons opregte seënwense oordra vir die Kerstyd. Mag dit voorwaar 'n Christusfees wees in elke huishouding en mag ons 'n helder somerkersfees in ons geliefde land beleef sonder moord en doodslag. Ry veilig as jul met vakansie sou gaan en vat 2012 vas gepanser met die wapenrusting van God vir elke dag.

Vriendelike groete uit die hart van Kimberley.

Retha Nagel.



KIMBERLEY:

DUTOITSPAN - TABITA DAMES

Ons kyk met trots terug oor ‘n sinvolle jaar waarin ons wou leer, voluit leef en in ons gemeente en gemeenskap dien in liefde.

DuToitspan is ‘n omgee gemeente. Ons het ‘n hele paar Bybelstudie- en omgeegroepe. Daar is nog vyf omgeegroepe wat besig is om op die been te kom. Ons klem is op omgee en verreiking van ons gees in die gemeenskap.

Ons Tabita Dames is ook besige bytjies. In die eerte kwartaal - 24 Maart het ons ‘n terapie aand gehad deur potplanthouers met serviette te “Modge Podge”. Die vroue het hulle weer oortref met hulle kreatiewe denke. Die houers is so veeldoelig en kan as eetgereihouer op die braaivleistafel gebruik word. As ‘n geskenk vir iemand wat siek is of verjaar met met ‘n potplant in.

Tweede kwartaal - 23 Junie het Philene Fortuin met ons kom praat oor hoe belangrik dit is dat ons met ons positiewe denke ‘n verskil in ander se lewens kan maak. Ons het deur middel van skeur en plak op papier ons positiewe denke uit gebeeld en dit vir iemand gegee vir wie ons omgee.

Op 21 Julie het Tabita Dames ‘n Cup for CANSA gehad by Burgandy’s. Dit was net so suksesvol en gesellig. Op hierdie manier raak ons ook betrokke by gemeenskapsprojekte.

Derde kwartaal - Ai op 22 September was daar ‘n saamkuier met ‘n wikkel. Die bellydansers”” het vir ons ‘n vertoning kom lewer. Op ‘n vrolike manier doen jy sommer “lekker” oefening ook. Na die vertoning het ons geselig saam gekuier en mekaar beter leer ken.

Ons sien met verwagting uit na 3 November wanneer Tabita Dames afsluit op ‘n vrolike, gesellige noot met Kersfees met ‘n kinkel.

Tabita Dames as Christenvroue het dit reggekry om in 2011 baie te leer, ons het voluit geleef en oral probeer dien met liefde!!!

In die volgende uitgawe gaan ons meer gesels oor ons gemeente in die gemeenskap.

Afrikaans bly darem maar skerp!!!
Fanus Rautenbach sê: ons moet almal eendag sterwe, maar elkeen sterf volgens sy beroep:

Reisigers *gaan heen.*
Jagters *gaan bokveld toe.*
Parlementslede *op die groen kussings gaan sag heen.*
Die ***melkman*** *en die* ***posman*** *kom om.*
Kokke *steek lepel in die dak.*
Die **horlosiemaker** se tyd het aangebreek.

Die **valskermspringer** ontval ons.
Die **tuinier** is van die gras af gemaak.
Die **melkboer** het die emmer geskop.
Die ***dominee*** *het die tydelike met die ewige verwissel.*
Die ***ouderling*** *is ontslape.*
Die ***koerantman*** *is direk hemel toe.*
Die ***skeidsregter*** *het sy laaste asem uitgeblaas.*
Die ***dokter*** *se hart het gaan staan.*
Die **elektrisiën** se liggie is gedoof.
Die **koster** het die doodsklok hoor lui.
Die **kleremaker** se draad is geknip.
Die **Springbokrugby-afrigter** kom tot rus.
Skoonmoeder - die duiwel het haar kom haal.

Hiermee groet ons in liefde tot volgend uitgawe.

Meisie Opperman

RESEPTEBOEK BARKLY WES

Die vrouediens van NG Gemeente Barkly Wes het 'n projek geloods waarmee ons hierdie jaar 'n resepteboek saamgestel het en verkoop. Daar is egter nog 'n paar boeke oor teen R100. Ek sal dit waardeer indien u my kan laat weet indien u weet van enige persoon wat sou belangstel in sodanige boek. Dit is die ideale kersgeskenk.

Die resepte is meestal oorspronklik, maklik om te maak en dan's die boekie nog mooi ook.

Laat weet my gerus indien u belangstel. Ek sal dit waar nodig vir u pos, u kan net u adres saam die e-pos stuur.

My sel no is 084 209 0171 en my e-pos adres is :
romaria@mcviviersprofrekenmeesters.co.za

Groetnis

Romaria Viviers

NUUS UIT VRYBURG WES

Die jaar staan einde toe en 'nmens kan dit byna nie glo nie!! As mens dan terugkyk, wonder jy of jy en ons Vrouediens hierdie jaar werklik ons Koning en Koninkryk uitgebrei het!?

Ons het in hierdie jaar die voorreg gehad om 'n emeritus leraar op 'n jaar kontrak te verwelkom om hulp te verleen aan Ds Philip Coetzee met die bejaarde lidmate. Ons is 'n gemeente met 'n lidmaattal van 800 belydende- en dooplidmate, waarvan byne een derde bo 65 jaar oud is. In ons gemeentegrense is Rusoord Tehuis, die Marthie du Plessis sentrum en 12 meenthuise war daar bejaardes woon. Dr Jaap Erasmus is dus gedurende Julie hier ontvang en hy lewer groot diens.

Die Vrouediens onthaal elke jaar die bejaardes in begin November in die kerksaal. Hul ontvang elkeen ‘n geskenkpakkie van koekies en beskuit, word ie oggend op tee/koffie en eetgoed getrakseer. Daar word ook ‘n program aangebied. Hierdie jaar kom vergas Abel en Corrie van Spur hul met hul lifelike sang. Aan die bejaardes wat nie meer fisies die geleentheid kan bywoon nie, word hul pakkies afgelewer, hetsy in die tehuis, oord of waar hul ookal in die dorp woon.

Die naweek van 21 en 23 Oktober het die Jeugfees, wat vir die 2de jaar aangebied word en waarvan die droom is om dit ‘n jaarlikse instelling te maak, plaasgevind. Ons Vrouediens het die Vrydagaand ‘n aandete aan die sprekers en kunstenaars voorsien. Baie van ons lidmate het ook op ‘n deurentydse basis in die gebedskamer voorbidding vir die seen en reëlings van die Jeugfees gebid. Vir hulle wat nie fisies na die gebedskamer kon gaan nie, het dit tuis gedoen.

Ons beplan en is reeds great vir ons Gemeente Ete, wat ook ‘n fondsinsameling vir ons Vrouediens is. Dit vind plaas op DV Sondag 20 November 2011.

Verder het ons vroue dwardeur die jaar teebeurte na kerk gehad, is gehelp mt begrafnisverversings, verversings met kerkraadsvergaderings en het ons Groepbyeenkomste gehou waar die onderwerp behandel is en ons ons gewone werksaamhede bespreek het.

Van ons vroue is steeds met die groot werk van sortering en uitdeel van klere enkos by die NG Welsyn behulpsaam en dien hul op verskillende kommissies van die gemeente.

Ons is dankbaar vir geleenthede en krag en vermoë wat aan ons gegee is tot diens, terwyl ons maal al te goed besef dat ons veel meer kan doen uit dankbaarheid vir al Sy liefde en onverdiende guns wat ons minuut na minuut ontvang.

CHRISTENVROUE LEER, LEEF EN DIEN MET LIEFDE :

Die jaar nader sy einde en beplanning is alweer gedoen vir die nuwe jaar. Binnekort hou ons Kerssangdiens en dan is dit asof alles tot ‘n halt kom tot na Nuwejaar.

Die dames van die verskillende wyke (daar is vier), kry ‘n beurt om een maal gedurende die jaar die Senior Burgers in die Dienssentrum en/of Ouetehuis(op De Aar) en ook die plaaslike Seniors, te bederf.

Aan die einde van die jaar word daar ‘n groot Senior Burgerfunksie gehou waarheen al die seniors van die dorp en plase genooi word. Dan kuier hulle lekker saam, gewoonlik op ‘n nabygeleë plaas. Elke jaar kry ‘n ander wyk ‘n beurt om hulle te onthaal.

Met elke Nagmaal bring lidmate voedsel kerk toe vir die Voedselbank. Daaruit word diegene wat nood het, gevoed. Daar is spesifieke dorpsdames wat daarna omsien.

Daar word beoog om ten minste een maal per week diegene wat behoefte het, van ‘n gesonde gekooke ete te voorsien.

Op die oomblik is daar ‘n Hospice-projek aan die gang en enigeen wat kan, gaan help om kamers van die plaaslike hotel wat vir die doel aangeskaf is, te help restoureer. Aan die een kant is’n siekeboeg en aan die ander kant word ‘n Ouetehuis ingerig.

Dan is daar ander gemeentelede betrokke by CHE (Christian Health Evangelism) om behoeftiges op ‘n Christelike wyse te leer hoe om hulself te help.

Daar word ook na die Paroole’s omgesien sodat hulle opgebou en besig gehou word. Daar word beoog om die ou tronk vir die doel aan te wend sodat hulle daar groente kan plant en vaardighede kan aanleer.

Elke kwartaal sorg ‘n ander wyk vir ‘n algemene vergadering by die Kerkkantoor waar ons dan toegespreek word oor die een of ander aktuele saak.

Onlangs is daar, op ‘n naby geleë plaas, gestap vir Bybels. Elkeen kon ‘n bydrae skenk wat dan aan Bybelverspreiding gegaan het. Daarna is gesellig saam gebraai en gekuier onder die bome.

Elke wyk het ‘n kontakpersoon wie gekontak kan word indien voorbidding benodig word. Sy gee dit dan aan die res van die wykslede deur.

Dan is daar ook Seniors wat na dokters, tandartse en hospitale vervoer word deur van die gemeentelede.

Sondae na kerk word daar gesellig saam verkeer oor ‘n koppie tee, koffie of selfs sop en in die somer, sap.

Die wyke maak ook beurte om blomme in die kerk te sit tydens Nagmaal of enige diens, afhangende van hoe beskikbaar blomme is.

Wanneer daar spesifieke nood is, word ‘n marktafel gehou om geld te in.

Ons gee alle eer aan God dat, al is ons min in getal, (‘n Gideons-bende), Hy ons nog nodig ag en wil gebruik in Sy Koninkryk! Ons gebed vir 2012:

“Leer ons, God van liefde, om U te dien

Soos U verdien: sodat ons sal gee sonder

Om die prys te bereken; sal stry sonder om

Seerkry te vrees; sal werk en dien sonder

‘n gedagte aan rus of beloning – behalwe

Die wete dat ons U wil doen” Amen (Ignatius van Loyola: 1491-1556)

Ons wens almal ‘n Geseënde Kersfees en ‘n Voorspoedige Nuwejaar toe. Mag ons God van Liefde en Vrede ons lei en bewaar om Sy wil te doen.

Groete vanuit Philipstown

(Ring van Hanover)

Groete uit Orania!

Gedurende April het Orania sy twintigste bestaansjaar gevier. Die dorp is gestig met die uitsluitlike doel om 'n tuiste vir Afrikaners te vestig en te werk aan die uiteindelike verwesenliking van 'n Afrikaner-volkstaat. Gedurende hierdie twintig jaar het vroue op verskillende terreine met ywer met hul talente, vaardighede en inisiatiewe meegewerk aan hierdie strewe. Ook op kerklike terrein het vroue daadwerklik toegetree tot die verskillende denominasies, soos dan ook tot ons N.G. Gemeente as deel van die Ring van Hopetown.

'n Besondere behoefte onder 'n deel van ons vroue in ons gemeenskap het in die laaste jaar of twee na vore gekom. Dit is naamlik dat daar 'n dringende tekort aan bekostigbare en menswaardige behuising vir 'n

groep enkelvroue is. Hierdie vroue het 'n uitkoms in Orania kom soek. Hulle is meestal nie meer so jonk nie en hul gesins- of familieomstandighede is van so'n aard dat hulle moeilik tereg kom in 'n samelewing waar werkgeleenthede skaars is. Dit is vroue wat sterk selfstandig gerig is en bereid is om met hulle vermoëns hard te werk vir 'n leefbare verdienste. Hulle skakel meestal in by skoonmaakdienste by huise en kantoorkomplekse, en lewer soms ook werk op landbougebied. Veral weens die ywer van een vrou ('n lid van ons gemeente) het die sogenaamde Nerina-projek 'n erkende gemeenskapsprojek geword, wat bedryf word deur die Helpsaamfonds van Orania onder beskerming van Orania Beweging. Die projek is tans so ver gevorder dat bouwerk begin is vir die bou van agt bekostigbare woonstelle.

Op 22 Oktober het ons gemeente 'n diakonale konferensie aangebied. Dit spruit voort uit die Noord-Kaap Diakonale Konferensie, wat op 11 tot 13 Maart by die Deo Gloria Kampterrein te Barkly-Wes aangebied is. Dit is bygewoon deur van ons diakens wat tans uittree asook benoemde diakens deur ons Kerkraad. Dit was 'n goeie geleentheid om saam te praat en te besin oor barmhartigheid, armoede, sorg aan noodlydendes, geestelike versorging en wat deernisbediening wesentlik is.

Ds. Schalk Albertyn en sy vrou Cecilia het hulle onlangs in Orania kom vestig. Ds. Albertyn het 'n pos by ons Dorpsraad aanvaar en wel in die portefeulje Gemeenskapsdienste. Hulle is reeds stewig by ons gemeente se werksaamhede betrokke, onder andere by 'n Bybelstudie-groep en kon waardevolle leiding by ons genoemde konferensie bied. Ds. Albertyn neem ook van tyd tot tyd ons eredienste waar, en werk saam met ouderling Renus Steyn, wat na die afsterwe van ons leraar (prof. Carel Boshoff) ingetree het vir eredienste en huisbesoeke.

"Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is."

Jesus se uitspraak: Luk. 6:36

NG Gemeente Hartswater

2011 lê op sy rug! Het ons, ek, geleer, geleef en gedien met liefde? Ek weet nie..... maar wat ek wel weet, is dat om vir die Here te werk, nie "werk" is nie, maar 'n manier van leef.

Soos Thomas Morus wil ek ook bid: "Here, daar is so baie dinge waarvoor ons bid. Gee ons die genade om ook daarvoor te werk."

Bedrywig was ons beslis. Ons bejaardes lê ons na aan die hart en elke kwartaal word 'n heerlike Sondagmaal vir Huis Theresa voorberei. Ons is ook betrokke by Huis Andalusia se fondsinsameling en die baksters onder ons sorg dat hulle lekker beskuit kry.

Pinkster was vanjaar vir ons iets besonders. Oor kerk grense heen kon ons die uitstorting van die Heilige gees vier en dankie sê dat elkeen van ons ook daarin kon deel. Wat 'n voorreg was dit om vir Dr. Isak Burger hier te hê.

'Aan God al die eer!'

Ons reik uit: die Finale jaar katkisante, ons Graad 12's en na hulle wat minder as ons het. Ons klerebank is twee keer per week oop en klere, skoene, komberse en nog vele meer word uitgedeel. Ons was bevoorreg om 5 dogters vir hulle matriekafskeid uit te dos. In Bonitapark word daar weekliks CokeKids, Bybelstudie vir die Bejaardes en naaldwerkklasse aangebied.

13th Floor het die week van 16~22 Oktober kom kuier. Afgesien van wat hulle vir ons jeug op Geestelike gebied beteken het, het die Gemeente dames ook gesorg dat hulle heerlik geëet en gebly het.
In hulle eie woorde: "Sjoe, Tannie ons kuier oorlekker in Hartswater.

Daar was ook nog ons Gemeente ete op 12 September toe ons nog almal saam geskree het: "GO BOKKE"! Ons Lentefees, die Wêreldbiddag vir vroue en die Kerssangdiens wat nog voorlê .....

So kan ons aangaan en tog is daar by my die bekommernis dat ons dieselfde “fout” as Martha kan maak deur so besig te wees dat ons die kans laat verbyglip om ook stil by Jesus se voete te sit en te luister.

Ons vra , ons pleit dat meer van ons die weeklikse Bybelstudie sal bywoon asook die Vroue Feminaar wat jaarliks deur die Ring aangebied word. Deur interaksie met die Woord en mekaar word ons toegerus en begelei op die pad van Geestelike groei en kan ons tot eer van God en tot opbou van die liggaam van Christus leef. Help ons dink hoe om ons vroue te inspireer en toe te rus vir die uitdagings waarvoor hulle staan en om so ’n verskil te maak.

Desmond Tutu het gesê: “Vroue, ons het julle nodig om ons geloof in die mensdom terug te gee.”

Aan God al die eer vir die voorreg om vrou te wees.

Groetnis uit Hartwater.

NG Jan Kempdorp

Die vroue van NG Jan Kempdorp kyk terug op ‘n jaar van vele bedrywighede. Eerstens is ons dankbaar oor nuwe insigte wat ons uit die Woord kon opdiep tydens ons weeklikse Bybelstudies. Die boek Romeine en Openbaring is onder die bekwame leiding van Babsie du Preez bestudeer. Talle vroue in die gemeente getuig van groot seën wat hulle hieruit put.

Vroeg-vroeg moes die vroue begin met voorbereidings vir die jaarlikse basaar wat op 21 Mei plaasgevind het. Die lekkergoed-, koek-, en naaldwerktafel was vanjaar behoorlik ‘n fees vir die oog. Soos gewoonlik is daar ook hard gewerk aan die die bewerking van die vleis, worsstop en pasteie maak.

Ons is ook dankbaar oor die betrokkenheid by ‘n plaaslike kleuterskool, die Rearuta Day Care Centre, wat nuwe momentum gekry het. ‘n

Fondsinsameling vir dié skooltjie op ons voorstoep, is deur ‘n steak-ete in die kerksaal gehou.

Dan was daar ook die Ringstienerfees wat hierdie jaar by ons plaasgevind het. Al die klere, nie- bederfbare kos, speelgoed en skoene wat deur die ses Ringsgemeentes ingesamel is, moes georden en in netjiese sakke verpak word. Dit was ‘n vreugde om te sien hoe die jongmense daarmee na die gemeenskap kon uitreik.

Met begrafnisse in die gemeente is ons vroue ook altyd gewillig om te help. Die sorg en moeite waarmee die voorbereidings getref word is opmerklik en is deel van die “dra mekaar se laste” opdrag van Gal. 6:2.

Pinkstertyd is ‘n tyd van geestelike verdieping. Tydens ‘n yskoue week was die warm sop van die vroue na elke diens ‘n heerlike verkwikking.

‘n Onverwagse inisiatief het vanjaar na vore gekom met ‘n skenking van ‘n mooi bedrag vanuit die gemeente vir die Barkley-Wes kinderhuis. Daar is besluit om vir elke kind ‘n nommerpas nuwe stelletjie klere aan te koop. Ons kan nie wag om die vreugde op daardie gesiggies te sien nie!

Deur alles wat aangepak word gee ons aan God die eer vir Sy genade en liefde waarin ons kan leef en werk.

GROBLERSHOOP

Nadat ons die stukkie van Prieska in die pienk boekie gelees het, het ons besluit om hul voorbeeld te volg. Die datum 27 Augustus 2011 is al verlede jaar op die kerkalmanak uitgesit vir ons vrouens. Augustusmaand is mos toe ook vrouemaand.

Saam het ons besluit om die oggend in die veld deur te bring. Daar is oral in die dorp en woonbuurtes geadverteer.

Die oggend agtuur het ons by die kerk ontmoet. Ons groepie van agttien het uit verskillende rasse bestaan, Wou so graag die hele Groblershoop daar gehad het. Daarna is ons met voertuie na 'n plaas(Wegdraaiplase) nie ver van Groblershoop af. In die veld is so 'n los berg en ons het om die gestap. Eers het ons geopen en gesing. Toe in drie groepe verdeel en drie kruise gemaak van druiwestokke. So het ons gestap na eerste stoppunt, maar oppad moes ons elkeen 'n klip optel en ons las, wat so druk, daarop te skryf.

Ons het gebruik gemaak van drie witgatboompies waarin die kruise geplant is. By die eerste witgat het ons die eerste kruis in die mik gesit. Elkeen kon sy las daar afle. Een vrou het toe 'n praatjie gelewer hoe ons leer met liefde. Twee vroue het ook hier 'n gebed gedoen.

Na die volgende kruise het klippe gele waarop verskillende verse geskryf is oor vergifnis. Elke vrou moes 'n klip optel en by volgende kruis plaas nadat sy die vers in haar bybel opgesoek het. Hier het weer iemand vir ons 'n praatjie gelewer oor hoe ons leef met liefde. By die kruis het iets besonders plaasgevind. Baie trane is hier gestort. Liewe Jesus het dit so bestem. Weer het ons gebid.

Daarna is ons na die eindbestemming. Weer het ons 'n kruis geplant en weer is 'n praatjie gelewer oor dien met liefde. Hier kon elkeen 'n wit klippie optel, daarop skryf en onder kruis plaas. Dit was die kruis van totale oorgewing aan Jesus ons Verlosser.

Daar was ook 'n berg met verskeie kranse. Ons het elkeen op 'n krans gaan sit en met Jesus gepraat.

Daar is foto 's geneem waar ons almal saam met ons arms kruise vorm en waar ons skuins gedraai het in 'n biddende posisie.

Hi en nou die piekniek. Ons het komberse oop gegooi waar elkeen 'n eetdingetjie uitgehaal het. So het ons met mekaar gedeel. Terwyl ons eet noem een vrou dit, dat ons moet kyk hoe styg ons gebede d.m.v. die wolkies op. Sal my nie glo maar 'n paar smal wolkies strek vanaf die horison op na bo.

Daar is afskeid geneem na 'n baie suksesvolle oggend. Hierdie keer het ons sommer oor die berg na ons voertuie gestap. Dit was 'n verfrissende oggend vir gees en liggaam. Saam het ons besluit dat ons dit meer male gaan doen.

Twee weke na die geestelike oggend het ek besluit om elke kruis en klip op te tel en in my tuin te kom plaas. Elke dag kyk ek daarna en loof Jesus vir wat daardie oggend gebeur het.

ORRELIS SPEEL AL 50 JAAR

Mev. Gerrie Herselman is die afgelope 50 jaar orrelis van die Griekwastadgemeente.Tesame hiermee het Herselman ook ononderbroke vir 33 jaar onderwys aan Hoërskool Griekwastad gegee.

Reeds in haar matriekjaar het tannie Gerrie, soos sy alom bekend is, Sondae agter die orrel ingeskuif. Met die 15 pond per maand wat sy as vergoeding ontvang het het Herselman help betaal aan haar studies aan die Universiteit van die Vrystaat.

Nadat tannie Gerrie haar graad in musiek voltooi het keer sy na Griekwastad terug waar sy op 1 Januarie 1961 amptelik as orrelis van die NG Gemeente aangestel word. In haar pos as orrelis sien sy verskeie predikante, elk met ‘n eie styl en werkswyse, kom en gaan. ‘n Verbintenis tussen die kansel en die orrel het keer op keer met die nuwe leraars gevorm en gegroei tot gemaklike samewerking tussen leraar en orrelis. Die beplanning vir die ontvangs en bevestigingsgeleenthede van elke nuwe leraar is van die hoogtepunte wat vir tannie Gerrie uitstaan.

Die keuse van die musiek en koorstukke, die oefening met die uitvoering as hoogtepunt.

Die afrigting van die koor oor al die jare heen is steeds vir haar ‘n spesiale voorreg en loutere vreugde. In die vroegste jare het engelse lidmate van die Presbiteriaanse Kerk ook deel van die koor gevorm. Die NG Kerkkoor het een keer in drie maande, wanneer die Presbiteriane in die NG kerkgebou op Griekwastad nagmaal hou, by hierdie geleenthede opgetree. Die samewerking tussen hierdie twee gemeentes was vir die orrelis ‘n groot vreugde.

Kooroptredes met die inwyding van Daniëlskuilgemeente se kerk en ‘n Koorfees by die NG Vooruitsiggemeente in Kimberley is van die herinneringe wat tannie Gerrie altyd sal koester. Die maak van ‘n langspeelplaat, *Camerata Koor,* in 1975, is ook vir haar ‘n hoogtepunt van haar geliefde kerkkoor.

Dit neem tannie Gerrie slegs ‘n oomblik om te besluit wat sy as die mees uitstaande oomblikke van haar loopbaan as orrelis bestempel. Onomwonde verklaar sy dat dit die inwyding van die nuwe kerkgebou was. Van die optrede van die kore as afskeid in die ou kerk, die oorbeweeg na die nuwe gebou, die koor wat vinnig deur ‘n sydeur na binne en op na die koorgalery gaan, die stilte in die nuwe gebou met die gemeente buite voor die deure, die opwinding en afwagting en dan die deure wat oopgesluit word deur die oudste lidmaat, tannie Dirkie Koortzen, en die mense wat eerbiedig binnekom terwyl die koor “*Maak oop die poort en die deure wyd, sing”.*

Herinneringe van hierdie geleentheid is vir tannie Gerrie ‘n groot vreugde. Sy vertel van die tema van die preek met die inwyding van die preekstoel, die Kinderdiens Saterdagmiddag en die inwyding van die ligte en ook die inwyding van die orrel.

Gé Korsten het by die inwyding van die orrel uit Engeland, wat in 1962 deur ‘n Suid-Afrikaanse orrelbouer in die kerk ingebou is, opgetree met Herselman wat hom begelei. Korsten het die Malotte weergawe van die Onse Vader gesing. By hierdie geleentheid het die koor van Postmasburggemeente ook opgetree en ‘n verwerking van ‘n Lofpsalm, Psalm 150, gesing.



Reeds vir die afgelope 50 jaar sien die gemeente jaarliks uit na ‘n besondere en inspirerende Kersspel. Nooit was dit dieselfde nie en elke jaar was daar iewers ‘n verassingselement op die program. Elke jaar, hier teen die einde van die winter reeds, begin hierdie begaafde orrelis met die voorbereiding van die Kerssangdiens. Dit is beplan en skryf, uitvee, bid en herskryf, maar teen September Oktober is alles agtermekaar. Vanjaar se Kersuitvoering in November is die vyftigste wat deur tannie Gerrie beplan en geskryf is. Die koor oefen tans en die geleentheid vind op Sondag 13 November plaas.

Nadat ek tannie Gerrie gevra het of sy weer musiek sou studeer en weer orrelis op Griekwastad sou word as sy weer kon kies, verklaar sy dadelik, onomwonde, “Ja, duisend maal ja, musiek en orrelis sal dit wees, weer en weer en weer”.

Haar gunsteling koorstuk is “Loof die Heer o my siel”, ‘n verwerking van Psalm 103 deur Ds. Rossouw. Op die vraag oor ‘n gunsteling orrelstuk dink sy eers so bietjie. “Agnus Deu van WA Mozart. Dit beteken Lam van God, weet jy?”

Nee, ek weet nie, maar wat ek weet is dat hier voor my ‘n vrou sit wat leef vir haar musiek. Wat haar twee seuns in ‘n huis en kerk vol musiek grootgemaak het en nou besig is om haar liefde vir musiek aan haar

kleinkinders oor te dra. ‘n Vrou wat baie skoolkinders geleer het om musiek te waardeer en wat steeds haar geloof deur haar musiek uitleef. Tannie Gerrie kan haarself nie ‘n lewe sonder die orrel en haar klaviere voorstel nie. Ek ook nie.

Griekwastad groete

Christel Steenkamp

Tannie Gerrie jy is voorwaar vir ons ‘’n voorbeeld. Sterkte vir die volgende 50jaar.

Is daar in jou gemeente ook ’n Tannie Gerrie?

Laat weet ons. Ons wil uitvind watter orrelis, skriba, koster of leraar is die langste by een gemeente.

So weet ek van Ds. Floors Avenant wat al 28jr in Delportshoop is en Oom Schalk Pienaar wat al meer as 55 jr. skriba is.

Het jy dalk ‘n oor nodig om te luister,

Of soek jy net na iemand wat vir jou kan raad gee?

Kontak ons OMGEE GROEP

Kontakbesonderhede:

Carina Benadé

Sel: 079 343 9593

Walles se Snoephoekie

KERSFEES IDEES : VLEISROL

4 eiers geskei
1 ml peper
50 g meel
2 ml sout
50 g suiker
15 ml pietersielie

Klop wit van eiers styf. Klop geel tot romerig. Voeg bestanddele by die wit van die eiers in die volgende volgorde:Sout, geel van eier, meel, pietersielie. Smeer pan ("swissroll") en voer uit met waspapier wat gesmeer is. Smeer die deegmengsel in pan en bak vir 8 minute by 200C. Gooi uit op waspapier wat met fyngekapte pietersielie bestrooi is, en rol liggies op voor koud.

VULSEL :

1 blik vleis
250 ml gerasperde cheddar
100 ml mayonnaise
15 ml aangemaakte mosterd
150 ml fyn uie of seldery
100 ml margarien
100 ml blatjang

Roer alles goed deurmekaar en smeer binne in rol en rol weer op.

KOM ONS LEES...

My Bybelbeloftes ... Susan Goosen

50 Bybelbeloftes vir haasbekkies met rooimiere

Volkleur prenteboek met ’n skatkis vol beloftes uit die Bybel. Ryklik geïllustreer met 50 hand-aktiwiteite vir jong kinders van 3 tot 7 jaar. Geskik vir voorlees en selflees.

Susan Goosen is 'n gereeld rubriekskrywer vir die tydskrif LIG. Sy is ook die skrywer van die boek *Kom stap saam* waarin die bekendste Bybelverhale boeiend oorvertel word.

Met hierdie boek kan jy deur die Bybel reis en die Here se beloftes vir jou leer ken. In elke dagstukkie sal jy een van hierdie beloftes lees. Jy sal ook hoor hoekom dit juis vir jou belangrik is. Die doen-dinge sal jou help om hierdie beloftes vir jou te neem en dit in jou hart te bêre.

Prys: **R149,95** (BTW en posgeld ingesluit)

Leesrooster Advent 2011 – Koninkrykstyd 2012

Seisoene en feeste in die lewe van gemeentes

Die *Leesrooster* bied aan **lidmate** die geleentheid om die erkende teksrooster Revised Common Lectionary (RCL) elke week in hulle persoonlike stiltetyd, met huisgodsdiens of in **groepbyeenkomste** te volg. Só help dit lidmate om die boodskap van die Bybel oor ’n tydperk van drie jaar in sy groter omvang te lees en te leer ken. Vanjaar se Leesrooster is gegrond op Jaar B van die RCL.

Omdat die Leesrooster aansluit by die seisoene van die kerkjaar, moedig dit **lidmate** aan om al die feeste, gebruike en gewoontes van die kerkjaar te vier en te ervaar. Voor elke seisoen van die kerkjaar begin, is daar agtergrondinligting oor daardie spesifieke seisoen.

Prys: R69,95 (BTW en posgeld ingesluit)

MAG JY…

- Nooit omdraai wanneer jy teleurgestel word nie.
- nooit ophou wanneer jy verloor het nie.
- nooit bly lê wanneer jy geval het nie.
- nooit bitter wees wanneer jy nie waardeer word nie.
- nooit hoogmoedig word wanneer jy presteer het nie.
- nooit rus wanneer jy voorspoed gevind het nie.
- nooit in die steek laat wanneer jy vertrou word nie.

MAG JY..

- Altyd meer doen as praat.
- altyd meer liefhê as onmin saai.
- altyd meer dankie sê as kla.

- altyd meer gee en minder vra.
- altyd meer vreugde voel en minder angs.

– altyd bietjie meer musiek speel om spanning te genees.
- altyd lewe met die oog op die onsienlike.

– altyd voluit op GOD vertrou.

Pienkboekie datums 2012

EERSTE KWARTAAL 2012

RINGE:

DEBEN,
HOPETOWN,
KIMBERLEY
UPINGTON

SPERDATUM:

29 FEBRUARIE 2012

TWEEDE KWARTAAL

RINGE:

HANOVER,
GRIEKWASTAD EN
KENHARDT

SPERDATUM:

11 Junie 2012

DERDE KWARTAAL

RINGE:

WARRENTON
CARNARVON
MAFIKENG
REIVILO

SPERDATUM:
31 Augustus

VIERDE KWARTAAL

RINGE

ALMAL

SPERDATUM

31 OKTOBER

TEMA VIR 2012

VROUE MET VLERKE

INSKRYWINGSVORM VIR DIE PIENKBOEKIE

2012

NAAM: .....

ADRES: .....

GEMEENTE: .....

KONTAKNOMMER: .....

TARIEF VIR 4 UITGAWES PER JAAR:

R50-00 per persoon

Let wel:
Handig hierdie inskrywingsvorm asook betaling by jou skriba in. Sy stuur dit voor 30 Desember 2011 aan:
DIE SAAKGELASTIGDE
SINODALE KANTOOR
POSBUS 1430
KIMBERLEY 8300

Boekies word aan gemeente gestuur wat dit dan moet uitdeel.